191. T. 6 (6)

REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

Verw./Ref. No.....

NASIONALE ONDERWYSRAAD
NATIONAL EDUCATION COUNCIL

Telegramme / Telegrams "Adviesraad"
Telefoon / Telephone 3-3114 / 3-3117

Privaatsak / Private Bag 298,
PRETORIA.

ONDERWYS IN SUID-AFRIKA - 'N TOEKOMSBLIK

DURBANSE ONDERWYSKOLLEGE, 12 MEI 1971, 9 vm.

(AS DEEL VAN DIE REPUBLIEKFEES)

DEUR PROF. H.B. THOM
VOORSITTER, NASIONALE ONDERWYSRAAD

Opsomming.

I INLEIDING

My taak: Ek is gevra om die bespreking in te lei. Ek doen dit graag. In die posisie waarin ek staan, as Voorsitter van die NOR., lê dit op my weg.

II DIE ONDERWERP

Ons kyk na die onderwys in Suid-Afrika, en probeer veral om 'n toekoms= blik te kry.

Ons mag die verlede nie vergeet nie; ons sien die hede, en veral ook die toekoms, teen die agtergrond van die verlede. Uit die verlede kry ons koers vir die toekoms: ons moet weet waarvandaan ons kom, as ons wil verstaan waarheen ons gaan.

In die verlede is daar veel wat goed - en besielend - is.

Ons het egter nou veral te doen met 'n toekomsblik. Ons verwag veel van ons onderwys. As ons wil hê dat ons verwagtings verwesenlik moet word, moet ons openhartig, eerlik met onsself wees. Ons moet raaksien wat goed en mooi is, maar ons moet veral ook raaksien wat gevaarlik is en kommer wek. Die veld is wyd en daar is baie dinge wat ons kan bespreek. Laat ons egter net 'n paar hoofpunte noem;

Rig korrespondensie aan DIE SEKRETARIS/Address correspondence to THE SECRETARY.

maar by een daarvan wil ek tog 'n bietjie langer stilstaan.

III FONDSE

Om doeltreffende, vrugbare onderwys vir ons jeug te voorsien, kos baie geld. Vanselfsprekend mag ons nie spandabel wees nie, maar ons mense en ons regering sal bereid moet wees om genoegsaam fondse vir die onderwys beskikbaar te stel.

Vir ons onderwys sal daar in die toekoms veel meer fondse moet wees as wat in die verlede bestee is.

Dit is wel waar dat ons in hierdie verband reeds baie vordering gemaak het - en soms ook onder baie moeilike omstandighede - maar ons sal nog veel meer moet vorder. Lande soos die V.S.A., Rusland, Groot Brittanje, Kanada, en selfs klein landjies soos Israël, Denemarke en Nieu-Seeland, spandeer 'n heelwat groter persentasie van hulle nasionale inkome aan hulle onderwys as ons. Ons regering het reeds die weg ingeslaan om die agterstand in te haal; ons sal die regering moet help en steun om nog meer in hierdie rigting te gaan.

IV DIFFERENSIASIE

Ons onderwys sal veel meer gerasionaliseer moet word, en dit kan veral deur 'n beleid van groter differensiasie gebeur. Jongmense moet in die geleentheid wees om vakrigtinge te volg waarvoor hulle belangstelling, bekwaamheid en aanleg het; en by die bepaling van sodanige vakrigtinge moet die behoeftes van ons land terdeë in aanmerking geneem word.

Om 'n sukses van differensiasie te maak, sal ons 'n deeglike stelsel van voorligting aan leerlinge en studente moet hê, inderdaad op 'n aansienlik groter skaal as wat ons vandag reeds het.

Met groot waardering het ons daarvan kennis geneem dat die Gemeenskaplike Matrikulasieraad reeds besluit het om 'n belangrike wysiging in die groepering van vakke, veral met die oog op toelating tot die Universiteite aan te bring. Hierdeur sal ongetwyfeld 'n groter

3/.....

mate van differensiasie ook in die universiteitstudie moontlik ge= maak word.

V POSITIEWE WAARDERING

Onderwys word vandag al te veel as 'n reg van elkeen beskou.

Dit mag so 'n reg wees, maar ons moet onthou dat dit fundamenteel nog altyd 'n groot voorreg is.

Beskou ons dit as 'n gewone reg, dan verloor ons maklik ons waardering daarvoor; besef ons dat dit 'n voorreg is, dan behou ons ons waardering.

Dit geld van ouers en leerlinge. Sowel ouers as leerlinge sal in die toekoms nooit die volle waarde uit die onderwys kan haal as hulle dit nie as kosbare voorreg sien nie, as 'n noodsaaklike vereiste waarvan ons hele toekoms afhanklik is.

Daaruit volg dat ons bereid sal moet wees om daarvoor op te offer, om daarvoor ons beste kragte te gee en om daarvoor die nodige geld te vind.

Ek vrees ons het vandag 'n stadium bereik waar baie van ons ouers en ons leerlinge en studente glad nie meer hierdie perspektief het nie.

VI OUERGEMEENSKAP

Hierdie punt vloei direk uit die voorgaande voort.

Dit is veral by die Afrikaner 'n kardinale opvatting dat die ouer 'n egte belangstelling in die onderwys van sy kind sal hê. Dit word ook in ons wetgewing erken. Wet No. 39 van 1967, soos gewysig deur Wet 73 van 1969, lê neer dat die ouers 'n plek in die onderwys sal hê, deur middel van skoolkomitees, skoolrade, beheerrade, ouer-onderwysers= verenigings of op 'n ander wyse. Ouers moet aktiewe belangstelling in die onderwys toon.

Ek verstout my om te sê dat dit hiermee vandag glad nie na wens gesteld is nie.

4/.....

Wanneer lede van skoolkomitees gekies moet word, doen baie ouers geen moeite om op te kom nie; en baie ouers het geen belangstelling in ouer-onderwysersvereniginge nie. Ouers toon dikwels belangstel= ling slegs wanneer hulle kinders in n skoolkonsert optree!

En nou dink ons aan televisie in sy wolle omvang, en nie aan die klein, beperkte gesloteskoon-televisie nie

VII TELEVISIE

By n toekomsblik op die onderwys in Suid-Afrika moet ons vandag nood= wendig televisie in aanmerking neem. X Die verslag van die Kommissie wat ondersoek ingestel het na ~~hierdie aangeleentheid~~ televisie, en aanbevelings daarover gemaak het, is voltooi en die Regering het ook reeds aangekondig dat hy die aanbevelings in die breë aanvaar het. Na verwagting sal ons nou binne vier jaar televisie hê.

Televisie is n faktor wat ons hele samelewing diepgaande gaan beïnvloed. Ek kan my haas geen noemenswaardige aspek van ons alledaagse lewe voorstel wat nie geraak sal word nie.

Ons kry mense wat sterk teen televisie gekant is, wat meen dat die nadele daarvan die voordele ver oortref, en wat dus onder geen om= standighede televisie in S.A. wil hê nie. Dit is n standpunt wat egter in die jongste jare heelwat veld verloor het.

Ons moet onthou dat daar met televisie as sodanig niks verkeerd is nie, net soos daar met die radio, die rolprent en die nuusblad as sodanig niks verkeerd is nie. Dit is almal kommunikasiemedia, en of dit goed of sleg is, hang daarvan af hoe ons dit gebruik. Ons kan dus nie sê dat televisie as sodanig sleg of verkeerd is nie. Dit is n blote - weliswaar baie treffende - kommunikasiemiddel, en of dit goed of sleg gaan wees, hang daarvan af of ons dit verstandig gaan gebruik, en of ons dit gaan misbruik. Dit hang dus nie van die middel af nie; dit hang van onsself af.

Dieselfde kan van televisie ten opsigte van die onderwys gesê word. En dit staan vas dat ons onderwysowerhede en ons onderwysmense hierdie magtige middel nie kan negeer nie.

Daar sal vroegtydig en diepgaande besin moet word oor die beleid wat gevolg sal word in verband met die gebruik van televisie as 'n hulpmiddel by die onderwys, en wel op al vier die vlakke van die onder= wys, t.w. pre-primêre, primêre, sekondêre en tersiêre. Daar sal besluit moet word oor apparate wat aangeskaf sal moet word, en oor die tye en maniere waarop televisie deur onderwyser en dosent in klaskamer en laboratorium gebruik sal word.

Vroegtydige, ferme, wel-oorwoë besluite oor hierdie sake is noodsaak= lik, d.w.s. as ons wil vermy wat in ander lande al wel gebeur het, t.w. dat jongmense eenvoudig ure lank voor televisiestelle lê, en gesonde tuisstudie, gesonde sport en ontspanning, en die gesonde gesinslewe in die proses ondermyn word.

Ons moet ook onthou dat televisie nooit die onderwyser kan vervang nie. Dit geld vir die skool, die kollege, die universiteit. Die siel van alle goeie onderwys lê nog altyd in die gesonde, vrugbare subjek-objek-relasie: die simpatieke, sterk, besielde onderwyser of dosent, wat as subjek positiewe invloed laat uitgaan op die objek, sy leerling of student.

Ek het reeds van televisie gepraat as 'n hulpmiddel. Hierdie term stel die saak suiwer. Televisie is 'n skitterende hulpmiddel, en dit kan, as dit reg gebruik word, skitterende resultate lewer. Om dit te bereik sal almal wat by die onderwys betrokke is, van harte moet saamwerk: die Staat, die provinsiale onderwysdepartemente, die universiteite, die kolleges, die skole, die studente en die leerlinge, en veral ook die ouers. - Ook hier sal die ouergemeenskap sy in= vloed terdeë moet laat geld.

'n Woord van waarskuwing is seker hier nie onvanpas nie.

Ek het al tekens daarvan gesien dat skole en ander onderwysinrigtinge haastig word om televisiestelle te koop. Hulle wil gereed wees om televisie dadelik in die klaskamer te gebruik as dit die dag in werking tree. Geesdrif en 'n gereedheidsdrang is seker lofwaardige eienskappe. Maar in hierdie geval is dit noodsaaklik dat ons geduld sal beoefen en baie versigtig sal wees.

Skole en ander onderwysinrigtinge moet wag op leiding van die bevoegde owerhede, bv. die Departement van Nasionale Opvoeding en die Departemente van Onderwys van die Provinsies. Ons moet voorkom dat ons radiostelle en ander duur toerusting halsoorkop as statussimbole aankoop, en dat dit miskien binnekort nutteloos in kaste of op rakke onder die stof begrawe lê. Laat ons maar eerlik wees: met radiostelle het dit op sekere plekke só gegaan. Daar sal leiding kom oor die gebruik van televisie as 'n hulpmiddel: die tye wanneer dit in die skool gebruik kan word, die ~~stof~~ materiaal wat aangebied kan word, en die tipe televisiestel wat geskik geag word. As ons sodanige leiding afwag, en dit noukeurig volg, sal ons van televisie 'n ware hulpmiddel en invloedryke bondgenoot in ons onderwys kan maak.

VIII SLOT

Die onderwys is 'n magtige faktor in die lewe van alle inwoners van ons land, blank sowel as nie-blank. Daar is vandag in die Republiek, naas blanke kinders, baie groot getalle Kleurlingkinders, Asiatekinders en Bantoekinders op skool. Daar is in werklikheid méér Bantoekinders op skool as blanke kinders, Kleurlingkinders en Asiatekinders saam.

Hieruit kan ons die konklusie trek dat die blanke in die onderwys beslis sy plig - en meer as sy plig - teenoor die nieblankes gedoen het, en dat die blanke oneindig veel bereik het om onderwysfasiliteite vir nie-blankes te voorsien. Ons moet egter veral na die toekoms kyk: die blanke sal sy geleenthede vir onderwys ten volle moet benut, d.w.s. as hy in staat moet wees om ook in die toekoms die grootste verantwoordelikheid te dra en die leiding aan te gee. Hy sal nie kan verslap nie; en as hy verslap sal die nie-blanke hom inhaal, en miskien verbysteek. Ons het veel waarvoor ons in die onderwys opreg

/7 .....

dankbaar kan wees, maar ons moet ons aangord vir die toekoms; ons moet die fondse vir die onderwys vind; ons moet differensiasie deurvoer; ons moet positiewe waardering vir die onderwys toon; ons ouergemeenskap moet hom terdeë laat geld; en ons moet 'n magtige nuwe faktor soos televisie op die regte wyse gebruik. Ons moet veral ook notisie neem van die getalle en die strewe van alle bevolkingsgroepe in die onderwys; ons moet vir ons lesse daaruit haal, en ons moet daardeur gewaarsku wees.

As ons in staat is om dit alles te doen, kan ons vanuit die hede, met vertroue na die toekoms kyk. Maar as ons te lig bevind mag word, sal ons rede vir ernstige bekommernis hê. Ek is egter geen pessimis nie; Ek dank die Here vir die goeie dinge van die verlede en die hede; ek aanvaar Sy leiding; ek gord my aan vir die toekoms. Met vreugde sien ek dan hierdie jongmense voor my; en ek vrees nie vir die toekoms nie.